

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Swart en wit uitsprake in 'n postmoderne tyd

Skriflesing: Lukas 12:49-59

Broodjies vir die pad

DIE HERE HET GASKOMMEL

Adam Small

Lat die wêreld ma' praat pëllie los en vas
'n sigaretjie en 'n kannetjie Oem Tas
en dis allright pëllie dis allright
ons kannie worry nie

'n sigaretjie en 'n kannetjie Oem Tas
en 'n lekker meid en lekker anner dinge
oel!

lat die wêreld ma' praat pëllie los en vas
wat daarvan
wat daarvan
wat maak dit saak

soes die Engelsman sê it cuts no ice
die Here het gaskommel
en die dice het verkeerd geval vi' ons
daai's maar al

so lat hulle ma' sê skollie pëllie
nevermind

daar's mos kinnere van Gam en daar's kinnere van Kain
so dis dis allright pëllie dis allright
ons moenie worry nie

Uit: Kitar my Kruis, HAUM, 1975



*Start by doing what's necessary; then do what's possible;
and suddenly you are doing the impossible. (Francis of
Assisi)*

*The books that help you most are those which make you
think that most. The hardest way of learning is that of easy
reading; but a great book that comes from a great thinker
is a ship of thought, deep freighted with truth and beauty.
(Pablo Neruda)*

*I love those who yearn for the impossible. (Johann
Wolfgang von Goethe)*

*Every moment and every event of every man's life on earth
plants something in his soul. (Thomas Merton)*



In die maanlig is die waarheid sigbaar

Abel Pienaar

'n Boeddhistiese Non, Wu Jincang, het by 'n Zen leermeester
Huineng gaan aanklop vir raad. Sy was moedeloos, want
alhoewel sy al jare lank mediteer en die heilige geskripte
bestudeer, het sy gevoel dat sy nie vorder met meer insig en
begrip nie.

“Leermeester, ek bestudeer die *Mahaparinirvana sutra*
(Boeddhistiese teks) al baie lank, maar nog steeds verstaan ek
nie. Dalk lees ek iets mis. Kan jy my asseblief help om beter te
verstaan?” Huineng, wat al toe baie oud was, antwoord: “Ek is al
amper heeltemal blind en kan al vir jare nie meer lees nie. Lees
asseblief vir my die woorde wat jy nie verstaan nie dan probeer
ek dit vir jou verduidelik . . .”

Waarop Wu Jincang toe reageer: “As u nie die teks kan lees
nie hoe kan u dan die betekenis daarvan vind?”

“Wel, my liewe Wu,” antwoord die meester geduldig,
“Waarheid het niks met woorde te doen nie. Waarheid is soos 'n
helder maan op 'n donker nag. En woorde is maar net soos 'n
vinger wat daarna wys. Daarom, onthou die vinger wat na die
maan wys is nie die maan nie, dit wys net na die maan.”

Wu Jincang het in daardie oomblik insig gevind en het voor
die Meester se voete neergeval. “Ek verstaan nou vir die eerste
keer. Ek het in die woorde vasgekyk, eerder as om te kyk
waarheen dit wys . . .”

Die Zen-storie hierbo, beskryf presies die moderne mens se
worsteling om vir hulle self te dink, veral as dit kom by antieke
simbole en metafore.

Want kom ons wees nou eerlik met mekaar, die meeste
oorgelewerde geloofsverhale is maar net 'n vingerwysing na
dieper waarhede. Dit is nooit in dit self die waarheid nie. Maar
soos die non Wu Jincang, lees meeste mense hulle Bybel,
Koran, Torah ensovoorts op soek na waarheid, maar die dieper
betekenisse verstaan of begryp hulle nie. Almal staar na die
wysende vinger en sien nooit waarheen dit wys nie.

Neem byvoorbeeld van die “vingers” wat deur die menslike
geskiedenis na die “maan” (dieper waarheid) gewys het. Mense
wie se lewens en woorde ander geïnspireer het om iets groter
as hulle omstandighede, hulle self en hulle idees raak te sien,
maar wat dan die einste mense geword het wat verheerlik en
aanbid is. Dink maar aan byvoorbeeld Boeddha en Jesus.

By wyse van 'n metafoor sou 'n mens dus kon sê: dié twee
se lewens was van die helderste vingerwysings na die dieper
waarheid. Maar Boeddha en Jesus se woorde en lewe het
ongelukkig die hoofokus geword.

Kyk maar net hoe het Jesus die fokus van die aanbidding en
teologie van meeste westerse kerke geword het, eerder as dit
waarna hy gewys het, wat 'n lewe van vergifnis, nederigheid en
deernis is. Seker daarom dat Boeddha se laaste woorde was:
“Werk julle eie heil uit.” Want hy het besef dat sy volgelinge
besig was om hom en sy woorde te vergoddelik, in plaas
daarvan om te kyk in die rigting waarin hy gestap het.

Kyk jy teen die vinger vas, verloor jy die rigting. Jy moet in
die rigting kyk waarheen die vinger wys en in daardie rigting
verder op reis gaan. Dis tog die doel van enige heilige geskrif.
Dis tog nie historiese feite nie, of bedoel om 'n godsdiens of 'n

dogma daar te stel nie. Dit is daar om die lesers te begelei op 'n reis van spirituele ontwaking en verligting.

Daarom dat Lao Tzu sy Tao Te Ching open met: “Die Tao wat beskryf kan word, is nie die Ewige Tao nie. Die Naam wat genoem kan word, is nie die Ewige Naam nie.” Hy skryf dit aan die begin, sodat die wat dit lees nie in die versoeking val om sy woorde te misgis met die Tao (weg) self nie.

Die simbool, naam of vinger wat wys is tog altyd minder as dit waarna dit wys. Daarom is dit so hartseer om te sien hoe die dogma en leer waarmee verskillende godsdienste hulleself so besig hou, eintlik gebou is op 'n oppervlakkige en verkeerde lees van antieke mitologiese tekste. Tekste soos onder meer die Hindoes se Bhagavad Gita, Boeddhistiese se Sutras, Christene se Bybel en Islam se Koran – almal in hulle oorsprong en wese mitologie.

So wat presies is mitologie?

Wel, per definisie is 'n mite 'n storie wat vertel is om te probeer verduidelik hoe die wêreld werk en hoe mense, binne 'n sekere tyd, hulleself daarbinne probeer verstaan het. Mitologie is dus 'n storie vol simbole en metafore.

Maar soos met enige simboliese en metaforiese uitbeelding van die werklikheid, kan dit nooit letterlik verstaan word nie. Volgens Joseph Campbell is die rol daarvan: “...*the first and most essential service of a mythology is this one, of opening the mind and heart to the utter wonder of all being.*”

Om mense te help om sinvol hulle lewens se dieper betekenis te interpreteer en verwerk en om sodoende by die heiligheid van lewe en sterwe uit te kom. Om dus iets te snap van die transendente, van die grootsheid en nietigheid van ons bestaan.

As ons kyk na die vroeë Christendom is dit interessant om te sien dat daar juis Christene was wat nie die verhale as historiese feite gelees het nie, maar juis as mitologie, met simboliese waarde. Hulle was genoem die Gnostiese Christene. Omdat hulle weergawe van die ortodokse Christene verskil het en daarmee saam teen dit wat Keiser Konstantyn by Nicea gelegitimeer het, is hulle nie net vervolgd nie, maar ook stilgemaak, doodgemaak en hulle geskifte vernietig.

Dit is ongelukkig wat gebeur wanneer mitologie verkeerdelik as geskiedenis of wetenskap gelees word. Iets wat as 'n metafoor bedoel was word 'n dogma. 'n Dogma waarvoor dan gesterf sal word en selfs dié wat van jou verskil, aangeval of vermoor sal word.

As ons hoegenaamd die wysheids van godsdienste wil verstaan en die waarde daarvan vir volgende geslagte wil behou, om sodoende die sin van ons lewens te herontdek, sal ons dit wat mitologie is weer moet lees as mitologie. Anders gaan ons nog 'n geslag hê wat vasgenaël sit en kyk na die vinger sonder om ooit die maan raak te sien.

Joseph Campbell skryf in sy boek *The Power of Myth*: “*Mythology is not a lie, mythology is poetry, it is metaphorical. It has been well said that mythology is the penultimate truth – penultimate because the ultimate cannot be put into words. It is beyond words . . .*”

Mites is wonderlike rigtingwysers op die pad van selfontdekking en die spirituele reis waarop ons elkeen ons bevind. En net soos ons nooit stilstaan nie, so is mites ook nie staties nie, maar word dit oorvertel van geslag tot geslag en selfs van een volk na 'n ander. En soos mites oorgedra word, verander dit gedurig en pas by nuwe omstandighede aan.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/in-die-maanlig-is-die-waarheid-sigbaar-20160623#>

Brood vir die pad

En wie moet ons bedank? Dis nie so eenvoudig nie

Dirkie Smit

'n Kollega leen my 'n dun maar diepsinnige boekie van die filosoof Paul van Tongeren, Dankbaar: *Denken over Danken na de Dood van God*. Die tema is gewichtig, maar die boekie nogal luimig. Kan ons nog dankbaar wees – in kulture waar ons bewussyn van die lewe as gawe van God vervaag? Is ons inderdaad nog dankbaar, ken ons dié stemming nog ooit en erken ons dit, spreek ons dit uit, en teenoor wie dan?

Met sy eie geboorte – só vertel hy – het sy ouers met 'n kaartjie vir almal laat weet hulle ontvang met groot dankbaarheid van God 'n seun en broertjie. Só was die gewoonte. (Ook ons sou in *Die Burger* dank betuig aan “die Hemelse Vader en dokter en personeel by Tygerberg”; ons hou steeds die knipsel.) Met hul eie spruit – só vertel hy verder – het hulle ook 'n kaartjie omgestuur wat sê hulle is vol verwondering en blydschap oor hul dogter. Met die volgende geslag – só gaan hy voort – is die gebruik nou kaartjies waarop staan “gebore”, met die naam, presiese tydstop, gewig en lengte.

Net dit. Só het die gebruik verander, van dank na verwonder na gewig.

Dis sy vraag. Hoe gedink oor dank en dankie sê as daar niks en niemand meer is om teenoor dankbaar te wees nie?

As alles vanselfsprekend geword het, natuurlik en normaal, alledaags en gewoon?

Tyd, gewig, lengte, net nóg een meer? Soos alles anders in die lewe ook maar, niks om oor huis toe te skryf nie, net nog meer van dieselfde, alles so oorbekend, so doodgewoon?

En alles kom ons buitendien toe, ons het reg daarop, skuld niemand enigiets nie, allermins dank?

Dis bloot ons beurt.

Vroeg in 2014 – vertel hy – was daar glo 'n affêre by Wageningen-universiteit. Dit was altyd 'n gebruik by studente wat – eindelik, ná jare van harde werk en opoffering, ook deur familie en gesin – doktorsale projekte voltooi, om in die voorwoord dank te betuig, aan ieder en nog meer, dikwels ook teenoor God. Dié jaar is dié gebruik deur die universiteit verbied en was dit nie meer geoorloof om God te dank nie. Onder hewige protes – waarom mag alles en almal bedank word, tot huisdiere, behalwe God? – is die verbod teruggetrek, op voorwaarde dat God net bedank mag word vir hulp met die proefskrif, “nie vir die hele skepping of so” nie.

Dis snaaks, ja, en tóg. Hoe gedink oor dank as omgewing en tydsgees ons verbied om te voel die lewe is allesbehalwe vanselfsprekend, eintlik só wonderbaar, verrassend, heerlik, groots, goéd, en onverdiend?

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-en-wie-moet-ons-bedank-dis-nie-so-eenvoudig-nie-20160806>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877